16.28 RAPPORT 8 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – *SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (*Art 210)

16.28 REPORT 8 – DEPUTIES ECUMENICITY INLAND – *SOUTH AFRICAN COUNCIL OF CHURCHES* (Art 210)

A. Ds PW Kurpershoek stel die Rapport.
Rev. PW Kurpershoek tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. SARK	**1. SACC**
1.1 *Opdrag (Acta 2018:314, 1.2)*	1.1 *Mandate (Acta 2018:314, 1.2)*
1.1.1 Dat die Sinode besluit dat die GKSA aansoek om waarnemerstatus by die SARK doen.	1.1.1 That the Synod decides that the GKSA applies for observer status at the SACC.
1.1.2 Dat die te benoeme Deputate 'n mandaat ontvang om sodanige besluit uit te voer.	1.1.2 That the to be named Deputies receive a mandate to execute such a decision.
1.2 *Vir kennisname*	1.2 *To be noted*
1.2.1 Die GKSA was 'n waarnemer by die SARK tussen 2006 en 2009.	1.2.1 The GKSA had observer status at the SACC between 2006 and 2009.
1.2.2 In 2018 het die Sinode weer die Deputate opdrag gegee om vir waarnemerstatus aansoek te doen. Die bedoeling was om die werksaamhede te probeer vergemak- lik, veral ten opsigte van profetiese getuienis in die kerklike samelewing.	1.2.2 In 2018, the Synod again instructed the Deputies to apply for observer status. The intention was to try to facilitate the work of the deputies, especially with regard to prophetic testimony in the church society.
1.2.3 Gedurende die afgelope termyn is verskeie probeer om kontak te maak met die SARK, spesifiek om gesprek te voer rondom die moontlikheid van waarnemer-status. Hierdie pogings was onsuksesvol.	1.2.3 During the past term, several attempts were made to make contact with the SACC, specifically to discuss the possibility of observer member status. These efforts were unsuccessful.
1.2.4 Wat verder die pogings bemoeilik, is dat die SARK steeds op sy webblad aantoon dat die GKSA waarnemerstatus het, al is dit in 2009 tydens 'n persoonlike gesprek tussen van die Deputate en lede van die Bestuur beëindig. Ten einde alle administratiewe en finansiële implikasies uit te klaar, moet eers die vorige lid-maatskap-situasie uitgeklaar word.	1.2.4 What further complicates the efforts is that the SACC still shows on its website that the GKSA has observer status, even though this was terminated in 2009 during a personal conversation between some of the Deputies and members of the Management. In order to clarify all administrative and financial implications, the previous membership situation must first be clarified.
1.2.5 Intussen het ds PW Kurpershoek wel die Nasionale Konferensie van die SARK in Oktober 2021 bygewoon, asook die Sentrale Komitee se vergadering.	1.2.5 Meanwhile, Rev. PW Kurpershoek did attend the National Conference of the SACC in October 2021, as well as the Central Committee's meeting.
1.2.6 Tydens die Nasionale Konferensie was die tema: *The Church: An invitaton to be life giving water*. Vanuit Esegiël 47:1-12 is gefokus op die vernuwende en	1.2.6 During the National Conference the theme was*: The Church: An invitation to be life giving water*. From Ezekiel 47:1-12 the focus was on the renewing and changing

verande-rende werk van die Here in die lewe van elke dag in Suid-Afrika. Terwyl daar ‘n duidelike begrip is dat die kerk die Here se kerk is wat deur Hom gebruik word om sy werk te doen, is die fokus verder sterk op sosiale geregtigheid.	work of the Lord in life in South Africa. While there is a clear understanding that the church is the Lord's church which is used by Him to do His work, the focus is also strong on social justice.
1.2.7 Die winspunt van die kontak binne die SARK, is die wye omvang van gesprekke wat kan plaasvind, juis as uitlewing van die GKSA se ekumeniese roeping as profetiese getuienis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar ‘n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word.	1.2.7 The advantage of the contact within the SACC is the wide range of conversations that can take place, by which the GKSA's ecumenical calling as a prophetic witness about the truth versus the lie can be advanced, as well the working together with other churches towards a common goal.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.7 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.2.7 noted.**
1.3 *Vir besluitneming*	1.3 *To be decided*
1.3.1 Die te benoeme Deputate gaan voort om gesprekke met die SARK se administrasie te probeer voer om die situasie rondom lidmaatskap uit te klaar.	1.3.1 The Deputies to be nominated continue to try to hold discussions with the SACC's administration to clarify the situation around membership.
1.3.2 Die te benoeme Deputate neem aan die werksaamhede van die SARK deel via relevante insette en getuienis.	1.3.2 The to be appointed Deputies participate in the activities of the SACC via relevant inputs and testimony.
Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.**